# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (46/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)


*Justin Chadwick 1 Desember 2017*


Citrus Growers' Association OF SOUTHERN AFRICA
Grower levies working for you!


***"Success is not final, failure is not fatal; it is the courage to continue that counts" Winston Churchill***

## POMELO OORSIG


Die pomelo bedryf was baie stil tot in 2012, maar die laaste 5 jaar was egter goed vir die pomelo-bedryf. Pomelo-produsente sal jou vertel dat die kommoditeit hulle steeds nog 'n bietjie skuld vir die probleme tot voor 2012; die ommekeer is egter goed vir die toekoms. Hernuende belangstelling in die kategorie word bevestig deur die toenemende vraag na pomelo materiaal van die Sitrus Grondvesblok (SGV) en die toenemende vraag na kwekerybome. Die herlewing was nie toevallig nie, pomelo-produsente onder leiding van die Pomelo fokusgroep het presies die data van pomelo's wat verpak en verskeep is, gemonitor en inligting aan produsente verskaf om ingeligte besluite te neem. Natuurlik sal produsente voortgaan om te konsentreer op die vars uitvoer en plaaslike mark sektore, aangesien verdienstes steeds teleurstel.





## LANGTERMYN VERANDERINGE




Die 2005-seisoen is een wat lank deur uitvoerders van pomelo's onthou sal word, 'n groot toename in aanbod tesame met swak (en soms negatiewe) opbrengste het sy skaduwee oor die volgende seisoene gegooi. Eers in 2013 het volumes na soortgelyke vlakke teruggekeer, terwyl diegene met alternatiewe gewasse die sektor verlaat het.

## POMELO VERSKEPING 2017

Na 'n lae volume 2016 seisoen, het uitvoere na 2015 - vlakke teruggekeer; met 'n soortgelyke markverspreiding. Die markte het 'n mate van ewewig bereik - die EU is die grootste invoerder met 41% (5,5 miljoen kartonne); gevolg deur Asië met 23% (3.1 m - hoofsaaklik na Japan). Suid-Oos Asië ontvang nou net minder as 2 m kartonne (14%), terwyl Rusland net meer as 1 m kartonne (8%) ontvang. Kleiner hoeveelhede word na die VK en Noord-Amerika gestuur (beide 'n half miljoen kartonne of 6%), en die Midde-Ooste (300 000 kartonne of 3%).

**DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**